

Oorwinning

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B180a Eng/Afr.

Skriflesing uit Openb.21:1-7

Kernvers: 7 – ‘Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees’.

Kyk na hierdie wonderlike nuwe stad en erfenis wat God vir ons voorhou. Maar daar is voorwaardes aan verbonde - hy wat oorwin sal alles beëwe.

Ons leef in so ‘n tyd van neerslagtigheid, so negatief in ons gedagtes terwyl ons as God se kinders moet skitter in ‘n tyd soos hierdie. Die lig is gemaak om te skyn in die donkerte sodat daár ook lig kan wees vir hulle wat dit nodig het.

Wat is oorwinning? Almal van ons wil dit hê – as u sou kyk na Openb. 2 en 3 sal u sien hierdie belofte van oorwinning is gemaak aan al die sewe gemeentes – wonderlike beloftes. Kyk na Op.3:21 – ‘Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Geliefdes, as ek met u praat oor oorwinning wil ek vir u sê dat elke ware kind van God is reeds ‘n oorwinnaar! Toe Jesus gesterf en opgestaan het, en ek glo in Hom dan het ek saam met Hom gesterf en opgestaan as ‘n oorwinnaar! Prys Sy lieflike en wonderlike Naam!

Openb. 1:5,6 sê dat God ons konings en priesters gemaak het vir Hom en vir Sy Naam!

Ef.2:5,6 sê dat ons lewend gemaak is uit genade saam met Christus en opgewek is en saam met Hom sit in hemelse plekke....

Deur genade is ons gered en volkome heilig in Jesus! En daarom is ons reeds oorwinnaars in Hom. Rom.6:11 sê dat as ons dood is vir die sonde dan is ons lewend vir Christus Jesus, onse Here.

Daarom kan ek sê: Ek is meer as oorwinnaar deur Jesus Christus wat my liefhet. Ek moet positief en gelowig wees en die oorwinning wat reeds myne is vir myself toeëin in Jesus Naam!